Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

6 Junie 2025 Uitgawe: 7/2/2025

# UIT DIE KANTOOR

Soos die meeste ouers en leerders seker op die kalender gesien het, raak ek vandag (eintlik môre) 'n jaar ouer. Baie dankie aan die leerderraad, ouers en ouerkomitee vir die groot bederf op my verjaarsdag. Dit is en bly spesiaal en ek het groot dank vir elkeen se insette en bydrae, nie net het ek dit geniet nie, maar so ook die kinders en personeel.

**Eksamen:**

Die rugby- en netballiga's is nou amptelik verby, alhoewel die o/9A- en o/11A-spanne nog Maandag teen Grey Kollege speel. Die o/13A netbalspan is ook vandag betrokke by uitspeelwedstryde om die Motheo-wenners te bepaal. Hierdie wedstryde vind by Eunice plaas. Ons hou vir hulle styf duime vas om deur te dring na die Vrystaat uitspele wat volgende naweek plaasvind.

Donderdag begin die Gr. 4-7 leerders met eksamen. Ek vertrou dat hulle hard sal leer vir hulle vraestelle.

Ouers word ook daaraan herinner dat die skool gedurende die eksamen gewone tyd begin, maar reeds om 12:00 verdaag. **Ouers gaan ongelukkig nie toegelaat word om hul kinders voor 12:00 uit te teken nie, behalwe in geval van siekte.** Daar sal ook hokkieproewe met verskillende grade op verskillende dae vanaf 12:00 - 13:30 plaasvind (sien inligting wat reeds op D6 gekommunikeer is). Neem ook kennis dat die Nasorgsentrum normaal funksioneer gedurende die eksamen.


**Skoolsweetpakke:**

Die besluit is verlede jaar geneem dat die leerders gedurende die eksamen met skoolsweetpakke mag skool toe kom. Aangesien die weerburo baie koue weer voorspel vir Maandag en Dinsdag, laat ek die vergunning toe dat die leerders reeds vanaf Maandag, 9 Junie vir die res van die kwartaal met sweetpakke skool mag bywoon. Na die Julie-vakansie sal ons weer voortgaan met normale wintersdrag soos voorgeskryf.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 6 Jun.: | Netbal uitspele (Eunice) |
| 9 Jun.: | Rugbywedstryde @ Grey (o/9A & o/11A) |
| | Boekuitstalling in skoolsaal – **UITGESTEL weens onvoorsiene omstandighede** |
| 12 Jun.: | Fotodag – (slegs sporte van die 1ste en 2de kwartaal) |
| | Eksamen begin (sien eksamentye) |
| 13 Jun.: | Netbal Vrystaat Kampioenskappe |
| | Rising Star hokkietoernooi (o/12 & o/13) |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 7 Junie: | Mnr. Neels Gunter (Skoolhoof) |
| 13 Junie: | Mnr. Simon Nieuwoudt (Gr. 6) |

# ANDER

**Entrepreneursdag:**

Baie dankie aan ons jong entrepreneurs en besigheidsmanne en dames van die toekoms wat ons Donderdag bederf het met al hulle verkope. Dankie aan al die ouers wat ook as “assistente” gehelp het om van die dag ’n sukses te maak.

# TJOKKIESHOP

**Neem kennis dat die Tjokkieshop vanaf Vrydag, 13 Junie as volg gaan oop wees:**

| | | |
|---|---|---|
| Maandae | : | 12h00 tot 13h00 |
| Woensdae | : | 12h00 tot 13h00 |
| Vrydae | : | 12h00 tot 13h00 |

# UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR




Kom ondersteun Tjokkies en bring die gesin om by Copper Clover te kom eet:

Dinsdag, 10 Junie 2025 vanaf 17:30. Die buite-area is onder konstruksie, so daar is nie speelplek nie en ons gaan binne sit. Tot en met 21:00 gaan 'n persentasie van die omset na ons skool toe kom en ook die fooitjies. Die hokkie eerstespanne gaan ons bedien. Kom ons wys ons Tjokkie-hartklop!!!!

Sien julle daar!

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

1 Petrus 5:7 AFR20
[7] deur al julle bekommernis op Hom te werp; want Hy gee om vir julle.

So lê ek wakker in die middel van die nag en bid weer vir my siek kinders. 1 Petrus 5:7 kom in my gedagtes op: "Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."

Ek dink aan hoe Jesus oppad Golgota toe met Sy stukkende lyf, nie meer Sy eie kruis kon dra nie. God voorsien iemand anders om Jesus se kruis te help dra. Ek ervaar hoe God my nooi om my las vir Hom te gooi...soos vullis op 'n vullishoop...uit my hande...uit my hart! Dis nie meer my probleem nie.
Die rede hoekom ek soveel vrymoedigheid kan hê; vind ek in die woorde: "....want Hy gee om vir julle."

Die volgende oggend lees ek op my Bybel-app die vers van die dag:

I Peter 5:7 NKJV
[7] casting all your care upon Him, for He cares for you.

https://bible.com/bible/114/1pe.5.7.NKJV

# SNUFFELS


Geloofsentrum CENTRE OF FAITH
Avontuur week
30 Junie – 4 Julie 2025
Daagliks 07:30–13:00
Skryf nou in!
Kontak vir Ds Thania @ 081 062 3438
Leersame en pret Bybelse aktiwiteite en speletjies
vir kinders
Gr.R–Gr.6
gedurende die vakansie!
R350
per kind vir die week
R80 per dag
(Alle kinders moet eie kombers, kussing en peuselhappies bring.)


Avontuur week
Wat behels dit?
Ouers kan tussen 30 Junie - 2 Julie 2025 daagliks hul kinders vanaf 07:30 by Die Geloofsentrum aflaai en weer om 13:00 oplaai. Hulle word volgens ouderdom in groepe verdeel. Elke groep het 'n leier wat na hulle behoeftes en veiligheid omsien. Die groepe beweeg gedurende die dag deur stasies waar verskillende aktiwiteite gedoen word wat by die tema van die week aansluit, waaronder: Speletjies, "Crafts", kyk na 'n kortfilm, maak peuselhappies/lekkernye.
Geloofsentrum CENTRE OF FAITH


Avontuur week
Wat behels dit?
Daar word elke oggend as groot groep geopen en die dag word saam afgesluit. Daar sal ook 'n pouse wees waartydens die kinders kan speel en hulle kosblikkos kan eet. Die kinders sal op die kerkterrein bly vir die duur van die dag. Kinders kan een of meer dae kom besoek of vir die hele week inskakel.
Geloofsentrum CENTRE OF FAITH

PARK VILLAGE AUCTIONS
Trusted by banks, respected by buyers




A GOAL WITHOUT A PLAN IS JUST A WISH
– Antoine de Saint-Exupéry
Do you have financial goals?
ATON
WEALTH NAVIGATION
Authorised Financial Services Provider. FSP # 48449
T +27 51 430 0302
C +27 82 903 4582
E horace@atonwealth.com
Specialised Investment Services

MAGALIES®